*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 64.] CAPE TOWN, 7TH OCTOBER, 1970. KAAPSTAD, 7 OKTOBER 1970. [No. 2862.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1687. 7th October, 1970.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 67 of 1970: Land Tenure Amendment Act, 1970.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1687. 7 Oktober 1970.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 67 van 1970: Wysigingswet op Grondbesit, 1970.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Om die Wet op Grondbesit, 1966, op die gebied Suidwes-Afrika toe te pas en te wysig; en om vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *September* 1970.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 1966.

**1.** Artikel 1 van die Wet op Grondbesit, 1966 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur voor die omskrywing van „hierdie Wet" die volgende omskrywing in te voeg:
„ ‚gebied' die gebied Suidwes-Afrika;";

(*b*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ‚Minister' die Minister van Landbou;";

(*c*) deur na die omskrywing van „raad" die volgende omskrywing in te voeg:
„ ‚Staatsgrond', by die toepassing van hierdie Wet in die gebied, grond van die Administrasie van die gebied, vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Wet of die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), aan die Departement van Landboukrediet en Grondbesit beskikbaar gestel.".

Wysiging van artikel 2 van Wet 32 van 1966.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(*b*) indien hy hom verkiesbaar stel by 'n party- of amptelike benoeming van kandidate vir die Parlement of 'n Provinsiale Raad of die Wetgewende Vergadering van die gebied of 'n poging aanwend om hom by so 'n benoeming te laat benoem;";

(*b*) deur in subartikel (5) die woord „Staat" deur die woorde „Staat (met inbegrip van die Administrasie van die gebied)" te vervang.

Wysiging van artikel 4 van Wet 32 van 1966.

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (3) en (4) deur die volgende subartikels te vervang:

„(3) Die Onteieningswet, 1965 (Wet No. 55 van 1965), en enige regulasies daarkragtens uitgevaardig, geld *mutatis mutandis* ten opsigte van die onteiening van grond of regte op of ten opsigte van grond kragtens hierdie artikel.

(4) Grond kragtens hierdie artikel—

(*a*) in die Republiek verkry, word getransporteer aan en geregistreer op naam van die Republiek van Suid-Afrika;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To apply the Land Tenure Act, 1966, to the territory of South-West Africa and to amend the said Act; and to provide for other incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 28th September*, 1970.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 32 of 1966.**

**1.** Section 1 of the Land Tenure Act, 1966 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

" 'Minister' means the Minister of Agriculture;";

(*b*) by the insertion after the definition of "Minister" of the following definitions:

" 'State land', in the application of this Act in the territory, means land of the Administration of the territory placed at the disposal of the Department of Agricultural Credit and Land Tenure for the purposes of the application of this Act or the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966);";

" 'territory' means the territory of South-West Africa.".

**Amendment of section 2 of Act 32 of 1966.**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (4) of the following paragraph:

"(*b*) if he seeks election at any party or official nomination of candidates for Parliament or a Provincial Council or the Legislative Assembly of the territory, or attempts to have himself nominated at any such nomination;";

(*b*) by the substitution in subsection (5) for the word "State" of the words "State (including the Administration of the territory)".

**Amendment of section 4 of Act 32 of 1966.**

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (3) and (4) of the following subsections:

"(3) The Expropriation Act 1965 (Act No. 55 of 1965), and any regulations made thereunder, shall *mutatis mutandis* apply in respect of the expropriation of any land or rights in or over land under this section.

(4) Land acquired under this section—

(*a*) in the Republic, shall be transferred to and registered in the name of the Republic of South Africa;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





(*b*) in die gebied verkry, word getransporteer aan en geregistreer op naam van die Administrasie van die gebied.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 32 van 1966.

**4.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Staat" deur die woorde „Staat (met inbegrip van die Administrasie van die gebied)" te vervang.

Vervanging van artikel 10 van Wet 32 van 1966.

**5.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Uitleg van verwysings na sentrale landraad of Staatsnedersetting- en Boerebystandsraad in sekere wette.

**10.** 'n Verwysing na die ,sentrale landraad' in 'n wetsbepaling wat nie deur die Wet op Landboukrediet, 1966, herroep word nie, word as 'n verwysing na die raad uitgelê, en 'n verwysing na die ,Staatsnedersetting- en Boerebystandsraad' in 'n wetsbepaling wat nie deur die Wysigingswet op Landboukrediet, 1970, herroep word nie, word as 'n verwysing na die by artikel 2 van eersgenoemde Wet ingestelde raad uitgelê.".

Invoeging van artikel 10A in Wet 32 van 1966.

**6.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 10 ingevoeg:

„Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

**10A.** Hierdie Wet en enige wysiging daarvan wat van tyd tot tyd aangebring word, met uitsondering van artikel 5, is ook in die gebied van toepassing.".

Uitleg van artikel 19 (6) (*a*) van Wet 25 van 1969.

**7.** Die bevoegdhede by artikel 19 (6) (*a*) van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (Wet No. 25 van 1969), aan die Administrasie van die gebied Suidwes-Afrika verleen, word geag die bevoegdheid in te sluit om grond aan die Departement van Landboukrediet en Grondbesit beskikbaar te stel vir die doeleindes van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), of die Wet op Grondbesit, 1966 (Wet No. 32 van 1966).

Kort titel en inwerkingtreding.

**8.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Grondbesit, 1970, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) in the territory, shall be transferred to and registered in the name of the Administration of the territory.".

Amendment of section 9 of Act 32 of 1966.

**4.** Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "State" of the words "State (including the Administration of the territory)".

Substitution of section 10 of Act 32 of 1966.

**5.** The following section is hereby substituted for section 10 of the principal Act:

"Interpretation of references to the central land board or State Settlement and Farmers' Assistance Board in certain laws.

**10.** Any reference to the 'central land board' in any law not repealed by the Agricultural Credit Act, 1966, shall be construed as a reference to the board, and any reference to the 'State Settlement and Farmers' Assistance Board' in any law not repealed by the Agricultural Credit Amendment Act, 1970, shall be construed as a reference to the board established by section 2 of the first-mentioned Act.".

Insertion of section 10A in Act 32 of 1966.

**6.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 10:

"Application of Act to South-West Africa.

**10A.** This Act and any amendment thereof which may be made from time to time, with the exception of section 5, shall apply also in the territory.".

Interpretation of section 19 (6) (*a*) of Act 25 of 1969.

**7.** The powers conferred upon the Administration of the territory of South-West Africa by section 19 (6) (*a*) of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (Act No. 25 of 1969), shall be deemed to include the power to place land at the disposal of the Department of Agricultural Credit and Land Tenure for the purposes of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966), or the Land Tenure Act, 1966 (Act No. 32 of 1966).

Short title and commencement.

**8.** This Act shall be called the Land Tenure Amendment Act, 1970, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER PRETORIA BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD. CAPE TOWN—B642/15,500.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B642/15,500.